

DIE TAAL WAT

deur RENÉ BARNARD
foto ROBERT GORNEMAN
bykomstighede STUTTAFORDS,
NOMAD, Durban
HILMOND WEAVERS, Johannesburg



LIEFDE PRAAT

LIEFDE is 'n sonskynwoord geskryf deur 'n sonskynhand op 'n sonskynblad, het Kahlil Gibran gesê. Maar dan waarsku hy: Liefde wat nie elke dag meer word nie, is besig om te sterf. Om te keer dat die liefde sterf, moet jy daardie sonskynwoord dikwels skryf en sê! Ook op dae wanneer die son nie skyn nie. Sê dit met hartvormige sepies om te toon dat jy waardeer wat sy vir jou doen. Sê dit met 'n potpourri-kussinkie onder haar kopkussing. Sê dit vir hom met petits fours by sy middagkoffie. Want Liefde wat homself nie elke dag hernuwe nie, word later 'n gewoonte en uiteindelik 'n vervelende slawerny. Dit is baiekeer klein gebaartjies wat bepaal of die liefde vir altyd is of net vir die oomblik.

Aanhalings uit *Sand En Skuim* deur Kahlil Gibran, in Afrikaans vertaal deur Gerhard J. Beukes, uitgegee deur J. L. van Schaik, © 1981.

BRUIDSHANDSKOENTJES

BENODIGDHEDE: Ongeveer 25g Coats Mercer Crochet - hekelgaring Nr. 20; hekelpen van 1,50 mm.

SPANNING: 18 ste = 5 cm.

MATE: Om deursnee hand te pas.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; hlb - halflangbeen; st(e) - steek (steke); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; sp(s) - spatie(s); herh - herhaal; gs - glipsteek; pat - patroon.

AANWYSINGS: Beginry: Hekel 77 ks, lossies.

Basistry: 1 lb in 8e ks vanaf hekelpen, (2 ks, slaan 2 ks oor, 1 lb in vlg ks) 23 keer.

Vlg ry: 5 ks, 1 lb in 2e lb, (2 ks, 1 lb in vlg lb) 23 keer, plaas laaste lb in 3e ks.

Herh laaste ry een keer, gs dan tot in 3e ks aan beg van ry.

Werk voort in rondtes, soos volg:

1e rondte: 5 ks, (1 lb in vlg lb, 2 ks) tot einde, gs in 3e ks.

Herh dié rondte een keer.

Duimvorming: Vlg rondte: 5 ks, (1 lb in vlg lb, 2 ks) 11 keer, (1 lb, 2 ks, 1 lb) in vlg lb — 'n vermeer voltooi — (2 ks, 1 lb in vlg lb) 11 keer, 2 ks, gs in 3e ks.

Hekel 1 rondte pat.

Vlg rondte: 5 ks, (1 lb in vlg lb, 2 ks) 11 keer, (vermeer in vlg lb, 2 ks) 2 keer, (1 lb in vlg lb, 2 ks) 11 keer, gs in 3e ks*.

Hekel 1 rondte pat.

Vlg rondte: 5 ks, (1 lb in vlg lb, 2 ks) 11 keer, vermeer in vlg lb, (2 ks, 1 lb in vlg lb) 2 keer, 2 ks, vermeer in vlg lb, (2 ks, 1 lb in vlg lb) 6 keer, 2 lb in ks-sp, 1 lb in vlg lb, pat tot einde.

Beg by 2e rondte en raadpleeg diagram, elke vol blokkie stel 2 lb voor i.p.v. 'n 2-ks-sp.

**Hekel 1 rondte pat.

Daar moet steeds 2 ekstra 2-ks-sps tussen vermeerderinge soos gestel gehekel word in die vlg en daaropvlg alt rondtes; dus is 5 vermeer-rondtes nou voltooi.

Duimverdelingrondte: 5 ks (1 lb in vlg lb, 2 ks) 20 keer en merk bopunt van 12e van hierdie lb met 'n gekleurde draad, 1 lb in vlg lb, 4 ks, gs in gemerkte lb.


Hekel voort in rondtes op hierdie ste vir duim.

1e rondte: 5 ks, (1 lb in vlg lb, 2 ks) 9 keer, 2

Diagram

1e blok = 1 lb om te begin, 2 lb in 2 ks of 2 lb van vorige ry, 1 lb om blok te voltooi; elk daaropvlg blk = 3 lb.

1e sp = 1 lb om te begin, 2 ks, 1 lb om spatie te voltooi. Elke daaropvlg sp = 2 ks, 1 lb.



ks, 1 lb in middel van 5 ks, 2 ks, gs in 3e ks — 11 sps.

Hekel 7 rondtes.

Rondte om bopunt te vorm: 3 ks, 1 lb in elke lb tot einde, gs in 3e ks.

Knip garing af en werk af deur los draad deur laaste rondte lb te ryg en vas te trek.

Heg garing weer vas aan bopunt van laaste lb wat in duimverdelingrondte gehekel is, 2 ks, (1 lb in vlg lb, 2 ks) 11 keer, gs in 3e ks aan begin van rondte.

Vlg rondte: 5 ks, (1 lb in vlg lb, 2 ks) 12 keer, 1 lb in middel van 5 ks aan basis van duim 2 ks, (1 lb in vlg lb, 2 ks) 12 keer, gs in 3e ks — 26 sps. Hekel 7 rondtes pat.

Verdeel vir vingers: 5 ks, (1 lb in vlg lb, 2 ks) 17 keer, merk die bopunte van 3e, 6e en 9e van hierdie lb met gekleurde draadjies, gs in laaste (9e) lb wat met gekleurde draad gemerk is*.

Hekel 11 rondtes op hierdie 9 sps vir eerste vinger.

Vorm vingertop en voltooi soos duim.

Heg garing weer aan bopunt van laaste lb wat in vingerverdelingrondte gehekel is vas en hekel (2 ks, 1 lb in vlg lb) 3 keer, 5 ks, gs in vlg lb (die 6e) wat met gekleurde draad gemerk is.

Vlg rondte: 5 ks, (1 lb in vlg lb, 2 ks) 7 keer, 1 lb in middel van 5 ks, 2 ks, gs in 3e ks. Voltooi soos eerste vinger vanaf *, maar met 12 rondtes. Heg garing weer vas aan bopunt van laaste lb wat in vingerverdelingrondte gehekel is, (2 ks, 1 lb in vlg lb) 3 keer, 2 ks, gs in eerste lb (3e) wat met gekleurde draad gemerk is.

Vlg rondte: 5 ks, (1 lb in vlg lb, 2 ks) 3 keer, 1 lb in middel van 5 ks by basis van 2e vinger, 2 ks, (1 lb in vlg lb, 2 ks) 4 keer, gs in 3e ks.

Hekel 11 rondtes in pat en voltooi soos 1e vinger.

Heg garing weer vas aan bopunt van laaste lb wat op vingerverdelingrondte gehekel is, 2 ks, (1 lb in vlg lb, 2 ks) 2 keer, gs in 3e ks.

Hekel 9 rondtes pat en vorm vingertop soos vir duim.

OMRANDING: Heg garing aan bopunt van basis van sy-opening vas en hekel 1 ks, (1 kb, 1 hlb, 2 lb, 1 hlb, 1 kb) in elke sp rondom mouboordjie. Knip garing af en werk netjies af.

